

**SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 15:31; 17:1-14**

**FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 17:13-14 (NAV)**

### **Agitofel – Die Here sal jou help in die aanslag deur die goddelose**

Gelowiges beleef wêreldwyd die groeiende aanslag van die bose. Die aanslae kom selfs van sogenaamde “vriende” wat jou in die rug steek en bespot weens jou geloof. Dawid beleef ’n verskriklike beproewing – sy eie seun Absalom veg teen hom! Absalom se stryd teen die gesalfde van die Here was opstand teen die Here (2 Sam. 7:16).

In hierdie stryd speel Dawid se raadgewer, Agitofel (broer van die dwaasheid), ’n groot rol. Met hom moes ’n mens rekening hou (2 Sam. 16:23). Dawid kry die slegte nuus dat Agitofel by Absalom aangesluit het. Hy smeek die Here: Here, laat daar tog niks kom van Agitofel se raad (aan Absalom) nie (2 Sam 15:31).

Die Here antwoord Dawid deur die verloop van gebeure op ’n besondere wyse te bestuur. Dawid kry die insig om ’n sekere Gusai na Absalom te stuur om Agitofel se raad tot niet te maak (2 Sam. 15:32-34). Dit gebeur dan ook: In sy boosheid raai Agitofel Absalom aan om Dawid aan te val. Gusai sê daarenteen: Absalom sal in onguns raak by die volk, want Dawid se uitgeslape manne sal Absalom se manne oorweldig.

Absalom volg eerder Gusai se raad as dié van Agitofel. Deur die gebeure het die Here die raad van Agitofel verydel, omdat Hy Absalom wou straf (2 Sam. 17:14). Agitofel is so teleurgesteld dat hy homself ophang (2 Sam. 17:23).

Agitofel se optrede is sprekend van die goddelose se opstand teen die Here en sy mense. Wie teen die Here en sy planne ingaan, sal bedroë daarvan afkom. Bese mense kon immers nie God se heilsplan deur Christus stuit nie. Inteendeel, die Here het die bose in sy plan gebruik.

Dit kan jy weet: Vandag nog gee die Here insig en leiding om die bose en hulle slinkse planne teë te werk. Gebruik gebed om die aanslae gerig teen jou, jou gesin en die kerk te beveg. Die Here sal die werk van goddeloses verydel tot die uitbreiding van sy koninkryk en die eer van sy Naam. Wie kan die werk van die Here keer?

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 4*